Langenhovenpark
Die GEMEENTE
vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## 4 Februarie 2024
## Vandag

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens (Doop)**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Teks:** Numeri 21: 4-9 (1983 vertaling)<br>**Tema:** Ons is slagoffers van ons eie dade, maar ons het hoop!<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges)**<br>**Aanbieder:** Sue<br>**Tema:** Doop<br><br>**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Die gelykenis van die Saaier (Matteus 13:1-23)<br><br>**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Die gelykenis van die Saaier (Matteus 13: 1-23)<br><br>**10:00 TvC (Gr 8 -10) – Kerkgebou**<br>**Aanbieder:** Magdelie Erasmus<br>**Tema:** Kompas (Prioriteite) (Filippense 1:9-11)<br><br>**10:00 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**<br>**Aanbieder:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Kom drink saam tee na die diens, in die konsistorie. Na afloop van die tee kom ons daar bymekaar.** | **DIE KOMENDE WEEK…**<br>**Maandag 5 Februarie**<br>**18:00 –** Diensraad Omgee – Lokaal 2<br>**Dinsdag 6 Februarie**<br>**17:30 –** Diensraad Uitreik - Kleinkerk<br>**18:00 –** Diensraad Erediens – Lokaal 1<br>**Woensdag 7 Februarie**<br>**09:00** Bybelstudie ds Leon – Kleinkerk<br>**17:30** Finansies Werkgroep – Lokaal 1<br>**18:30** Mannegroep **–** Lokaal 2<br>**Donderdag 8 Februarie**<br>**09:00** Bybelstudie ds Riaan – Kleinkerk<br>**18:00** Selgroep ds Gerhard. Nuwe lede (enkel of gesinne) is welkom om aan te sluit. Byeenkoms is by ds Gerhard se huis (Debonair 11, Elias Motsoaledi straat) Navrae: Ds Gerhard 0781077154<br><br>**Sondag 11 Februarie 2024**<br>**09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br><br>**JEUG**<br>09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2<br>09:00 Kinderkerk – Kleinkerk<br>10:00 JOG – Kleinkerk<br>10:00 TvC – Kerkgebou<br>10:00 Belydenisklas – Lokaal 1<br><br>**Sinodale kollekte** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Fonds vir Bedieningsbegeleiding.** |

# DOOP



***Rihan Tait*** seun van Stephan en Lizé Tait.

## Lief en Leed

Johan Peyper, Elizabeth Eybers, is steeds in die hospitaal.
Hendry Moyles, San Tropez, sterk aan.
Belinda en Dewald Erasmus, Debonair, na die skielike afsterwe van Kobus (37)
**Voorbidding vir gesondheid:**
Gerda Scholtz, Caritas.
Rika Smith, Allegro.
Elsie la Grange, Loeloeraai.
**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Fanie Terblanche, Caritas het 1 Februarie verjaar (84)
Johlene Verwey, Striata, 3 Februarie (91)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### LIDMAATSKAP BEWYSE ONTVANG

**Belydende lidmate:** Daniel Frederik Barnard en Sara Elizabeth Uys (nou Barnard) vanaf Ficksburg, Con Cracia.
André Barlow en Maretha Els (nou Barlow) vanaf Hugenoot, Barend Wessels.

## Naaldwerk klasse vir huishulpe

Hierdie klasse vind plaas op Donderdae 14:30 by die Gemeente Sentrum. Die klasse is gratis en word aangebied vir vroue wat reeds naaldwerk vaardig is of vir die wat vir die eerste keer dit wil bywoon.
Vir navrae kontak Ina du Plessis 073 419 5730

### Sotho kursus

Die tyd waarin ons leef noodsaak goeie kommunikasie. Dit geld nie net kommunikasie met gesinslede en geloofsgenote nie, maar veral ook met soveel as moontlik van ons medelandsburgers. Volgens sommige statistieke is ongeveer 60% Vrystaters Sotho sprekend – dit is bykans twee derdes! Dit maak dus sin om Sesotho aan te leer ten einde onderlinge begrip en 'n beter verstaan van mekaar te bewerkstellig.

**Die kursus neem 'n aanvang DV op Dinsdag 27 Februarie om 18:00 in die Kleinkerk van die NG Kerk Langenhovenpark.**

Die totale koste van die kursus beloop R2 500.00 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R1 000 is betaalbaar voor of op **23 Februarie** om 11:00. Die res kan maandeliks by die kantoor afbetaal word.

Met navrae skakel gerus die kerkkantoor
051 4462225 (9:00-12:00) of Riaan Stander
051 4461131 of 0826658478 (9:00 – 16:00).
Laat asb. 'n volledige boodskap indien ek nie kan antwoord nie.

### OMGEEPROJEK

Ons wil graag een maal per maand blomme/plantjies of 'n klein geskenkie beskikbaar stel (ongeveer 15) wat lidmate kan neem en vir iemand gee wat 'n bietjie ekstra omgee nodig het.
'n Rooster met die datums is by die kerkkantoor beskikbaar. Jy kan 'n datum kies en jou naam opskryf wanneer jy graag iets wil bring. Lintjies en kaartjies is by die kantoor beskikbaar indien jy daarvan gebruik wil maak.
Navrae: Kerkkantoor

### AKSIE AFGETREDENES

**Dinsdag 6 Februarie 10:00 Kleinkerk.**
Spreker: Prof Kobus Schoeman
Tema: Die NG Kerk in 2024 – uitdagings en geleenthede.
Afgetredenes en belangstellendes welkom!

## ASWOENSDAG

Aswoensdag diens, Woensdag 14 Februarie, 18:00 in die Kleinkerk.

# DAGBOEK SOLANK WOENSDAG 1 MEI!

**Werkersdag?** NEE……

**Langenhovenpark Gemeente se**

# KERMIS

Wat het ons nodig?

Behalwe bestanddele en produkte het ons hande nodig m.a.w. mense wat kan help met

- Aanry van tafels
- Voorbereiding van die terrein
- Braaiers
- Pannekoek bakkers en rollers
- Hulp met verkope by tafels
- Vooraf bak van koekies, beskuit en grootkoeke en maak van poedings asook maak van lekkers en ander lekkernye.
- Handwerk (Hekel, brei, naalwerk, houtwerk en enige ander handgemaakte produkte)
- Iemand om die worsbroodjies te koördineer en **'n KOöRDINEERDER VIR DIE VLEISTAFEL.**

**Hou dié spasie dop vir meer inligting!**

## VALENTYNS ETE

Ons vier die "maand van die Liefde" met 'n Valentyns Ete.
Sondag 11 Februarie 12:00 by die konsistorie.
Koste: R130 pp (slegs 70 kaartjies beskikbaar)
Bespreek en betaal by die kerkkantoor

**Voorgereg:** Viskelkie
**Warm geregte:** Skaapboud, Roast beef, Gamon, gemengde groente, pampoenpoffers, rys
**Koue geregte:** Kerrievis, verskeidenheid koue vleis en drie slaaie.
**Nagereg**

**NB:- Bring eie drinkgoed**

## GEMEENTE KAMP
## 8 – 10 MAART
## Doringbos (naby Krugersdrifdam)

Saam kuier, stil raak saam met die Here, saam dink en droom.
Kostes:-
Verblyf: **Kamers** R1000 pp vir die naweek. Sluit Saterdag en Sondag se etes in.
**Kampering** R700 (4 persone) vir die naweek plus R400 pp vir etes Saterdag en Sondag.

**Vrydagaand – Bring en Braai**

Bespreek by die kerkkantoor teen Woensdag 21 Februarie.

# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks 'n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand vir Jolene Muller opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons 'n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
U kan u dankoffer in 'n koevert plaas, gemerk "Dankoffer" en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

Snap here to pay

SnapScan